

**31 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 2**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 2:1-12**

**Die Here gee vir ons vrede wat 'n duur prys gekos het**

Dawid moes op bevel van die Here baie vyande uitroei; hy het baie bloed aan sy hande gehad. Salomo moet die laaste vyande van die troon van Dawid uit die weg ruim: Adonia, Abjatar, Joab en Simeï. God het immers bepaal dat Salomo, die seun van vrede, op die troon van Dawid sal sit. Vrede in God se koninkryk kom nie teen 'n goedkoop prys nie. Vrede kom nie sonder stryd nie. Toe die Vrededors na hierdie aarde gestuur is, moes Hy sterf om vrede op aarde te bring. Deur te sterf en op te staan het, Hy die groot vyand verslaan en versoening gebring tussen God en die mens. Om daardie vrede te geniet, vra ook van jou stryd. Natuurlik gee die Here daardie vrede aan elke uitverkorene uit genade verniet. Maar die verslane vyand sal tot sy laaste stuiptrekkings toe probeer verhoed dat jy daardie vrede geniet. Daar is net een manier om daardie vrede tussen jou en God te ervaar: deur in die geloof naby God te bly en die Satan en sy magte teen te staan met die krag van die Heilige Gees wat jy ontvang het. As jy aan God ongehoorsaam is en moedswillig sondig, ervaar jy daardie vrede nie ten volle nie. Dan haal jy vir jouself geestelike hartseer en vertwyfeling op die hals. Dan voel God so ver omdat jy van Hom af wegdwaal. Stry die goeie stryd met dié wete: ons is meer as oorwinnaars. Die ryk van volle vrede sal eendag ons s'n wees.

*Sing: Skrifberyming 8:2*

*Ds PH Fick (Komatipoort)*